
# Eenheid 4 Kompasrigtings

**SLEUTELVRAAG**

Hoe gebruik jy 'n kompas om rigtings uit te werk?

Het jy al ooit probeer om aan iemand te beduie hoe om by die winkels of by jou huis uit te kom? Dit kan verwarrend wees om aanwysings te gee. Daar is baie keer verskillende maniere om dieselfde roete te verduidelik. Dis makliker om woorde soos *noord, suid, oos* en *wes* te gebruik.

'n Kompas is 'n spesiale stuk toerusting wat die rigting tussen twee plekke kan kry. Noord, suid, oos en wes is die vier hoofpunte op 'n kompas wat jy vir rigting gebruik.




Die vier hoofpunte van die kompas is noord, suid, oos en wes.

'n Kompas het 'n magnetiese naald wat altyd in die rigting van noord wys. Jy kan dus rigting met 'n kompas uitwerk omdat jy altyd weet waar noord is.

Die wêreld is rond soos 'n bal. Daar is nie 'n bokant en 'n onderkant of 'n regte kant na bo nie.

'n Kaart word altyd geteken sodat:

- noord aan die bokant van die bladsy is
- suid aan die onderkant is
- oos aan die regterkant is
- wes aan die linkerkant is.



Die kaart van Afrika word só geteken.